

Vyfde USAN-kongres

19 Januarie tot 21 Januarie 2022

Die Vosloo-leerstoel is goed verteenwoordig by die afgelope vyfde USAN-kongres vir jong navorsers in die letterkunde, taalkunde en toegepaste taalkunde.

Prof Ilse Feinauer, die leerstoel-bekleër, was een van die kongres se hoofsprekers en het in haar hoofreferaat klem gelê op die opleiding in en navorsing oor die Vertaalwetenskap wat in Afrika plaasvind.



Dr Danie Stander, die Leerstoel se nadoktorale genoot, het in pas met sy belangstellings in vroue wat vertaal – veral vroue wat gewoonlik primêr met 'n ander beroep geassosieer word – die kongres afgesluit met 'n referaat oor Anna Neethling-Pohl se vertaling van Shakespeare se Anthony en Cleopatra. Hy het die gehoor laat nadink oor die manier wat gender en nasionalisme in dié vertaling vergestalt en vertolk kan word.

Op haar beurt het Mareli Swart, 'n Vosloo-beurshouer, haar honneursnavorsingsprojek se bevindinge gedeel. Die projek het ondersoek ingestel na Martjie Bosman se 2017 vertaling van Guus Kuijer se *Polleke* (2003) en watter norme en ideologiese kwessies by die vertaling betrokke was. Mareli gaan in 2022 met 'n MA voort.

Die Vosloo-leerstoel se invloed is maklik merkbaar in die nagraadse studies wat daardeur befonds word, maar kan ook waargeneem word in die manier wat dit jong navorsers help om netwerke te bou en nuwe navorsingsmoontlikhede te identifiseer.